23.3 RAPPORT 3: DEPUTATE PUBLIKASIES – CALVYN JUBILEUMBOEKEFONDS (Artt 116, 117)

A. Dr GJ Meijer lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

1.1 Die opdrag is vervat in die Reglement van die CJBF (Acta 1982:226-227 asook Acta 2006:759-760). Die opdrag sluit in dat toekomstige publikasies binne die raamwerk van die doelstellings van die CJBF oorweeg, gekeur en uitgegee word. Die beheer van boekvoorrade van die CJBF asook die beheer oor die CJBF-fondse berus by hierdie Deputate. Die administrasie daarvan word namens die Deputate deur die Administratiewe Buro behartig.

1.2 Rooi en Blou Boekies (verkorte, vereenvoudigde weergawes van die Heidelbergse Kategismus (Acta 2012:432, 2.11). Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die Engelse vertaling van die Rooi en Blou Boekies verder te hanteer.

1.3 Preekbundel deur ds E Kayayan (Acta 2012:432, 2.12). Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die projek verder te hanteer.

1.4 Publikasie van ‘n Uiteensetting van die Dordtse Leerreëls (Acta 2012:433, 2.13). Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om die projek verder te hanteer.

1.5 Bemarking. Die uitvoering van die volgende besluite deur die Deputate word aan die nuwe Deputate oorgedra: Die bekendstelling van alle CJBF-publikasies en -projekte in soveel as moontlik kerklike en teologiese tydskrifte binnelands sowel as buitelands (bv Nederland). Die afdrukke van CJBF-publikasies se buiteblaaie op ‘n plakkaat vir bemarking in gemeentes en elders.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.5 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die Deputate het alle manuskripte wat vir publikasie voorgelê is volgens die Reglement laat keur en, indien moontlik, uitgegee. Voorkeur word gegee aan klein oplaes harde kopie boeke. Daar word voortdurend gekyk na die moontlikheid van digitalisering van boeke en die elektroniese verspreiding van materiaal deur middel van die CJBF-webwerf. In sekere gevalle het die Deputate weens die aard van die werke besluit om aan te beveel dat die outeur die boeke slegs elektronies beskikbaar stel.

2.2 Die Deputate het voorgestel dat die PCA se weergawe van die Belydenisskrifte as Engelse teks deur die GKSA gebruik word. Die voorstel is voorgelê aan die Deputate Liturgiese Sake en indien hulle instem, sal die PCA genader word vir toestemming om hulle teks te gebruik.

2.3 Ds E Kayayan se preekbundel – *Onder die Vaandel van die Kruis* – is in samewerking met Foi te Vie Reformée gedruk en uitgegee.

2.4 Die publikasie oor die Uiteensetting van die Dordtse Leerreëls was ten tye van die opstel van die Rapport nog nie afgehandel nie. In die Aanvullende Rapport sal verder gerapporteer word.

2.5 *Bemarking*: Die Deputate wend alle moontlike pogings aan om publikasies in die binne- sowel as die buiteland te bemark.

2.6 *1536-Uitgawe van die Institusie van Calvyni*: Die 1536-uitgawe van die Institusie, vertaal deur prof HW Simpson, is geskandeer en omgeskakel na teksformaat waarna dit beskikbaar gemaak is in PDF-formaat op die CJBF webblad. Dit kan gratis afgelaai word. Daar is ook tydens die skandering en proeflees daarvan ‘n klein aantal drukfoute uitgeskakel met die vriendelike hulp van dr VE d'Assonville.

2.7 *Elektroniese 1559-Uitgawe van die Institusie van Calvyn*: Die Deputate het lank besin oor die herdruk van die 4-volume Simpson-uitgawe van die Institusie. Die elektroniese teks van die gedrukte weergawe is nie meer beskikbaar nie en daar is ook bepaal dat die teks wat van Logos Suid-Afrika verkry is nie die jongste teks is nie. Die enigste opsie vir ‘n herdruk was dus om ‘n faksimilee-uitgawe te druk. Daarvoor moes dit geskandeer word en die beelde in boekvorm gedruk word.
Weens die feit dat die oorspronklike elektroniese weergawe nie meer beskikbaar is nie en die hoë koste van faksimilee-drukwerk, het die Deputate besluit om ook hierdie werk net elektronies beskikbaar te maak. Om die taak te vergemaklik is ‘n hoë gehalte skandeerder aangekoop en is die vier volumes geskandeer. ‘n Eerste-fase karakter herkenning is ook op die geskandeerde PDF-lêers gedoen wat soektogte in die teks moontlik maak. Die volledige Institusie is beskikbaar op die CJBF-webblad en kan in sy geheel afgelaai word of spesifieke hoofstukke daarvan. Daar is besluit om ‘n gebruiker vriendelike weergawe daarvan beskikbaar te maak wat op ‘n CD of data-stokkie gelaai kan word of direk op ‘n rekenaar gebruik kan word. Dit sluit beide weergawes van die Institusie in en is volledig geïndekseer sodat soektogte óf in Adobe Reader óf in ‘n webleser gedoen kan word.

2.8 *Herdruk van Verkorte Institusie, ds A Duvenhage*: Daar was opnuut aanvraag vir hierdie werk en die Deputate het ‘n oplaag van 100 goedgekeur. Daar is ongelukkig na die herdruk van die boek opgemerk dat die teks wat gebruik was baie foute bevat het. Die oplaag is onttrek. In die lig van die groot hoeveelheid foute in die herdruk is besluit om die oorspronklike boek van ds Duvenage te skandeer en elektronies beskikbaar te stel. Dit sal nie herdruk word nie.

2.9 *Herdruk van Soeklig-reeks*: Alle beskikbare boeke in die Soeklig-reeks Bybelstudie gidse is geskandeer, omgeskakel na teks formaat en op die CJBF-webblad beskikbaar gestel en kan gratis afgelaai word. Die volgende is beskikbaar:

2.9.1 Fokus op Daniël – ds LD Aucamp.
2.9.2 Fokus op Obadja – Ds TJJ Kruger.
2.9.3 Fokus op Jona – Dr AH Bogaards.
2.9.4 Fokus op Matteus – Dr JL Venter.
2.9.5 Fokus op Kolossense – Prof Fika van Rensburg.

2.10 *Herdruk van Woord voor die Ja-Woord deur ds Egbert Brink*: ‘n Verdere oplaag van 100 van hierdie boek is herdruk om in die aanvraag te voorsien.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.10 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 Die Sinode benoem weer Deputate om uitvoering te gee aan die opdragte soos wat dit in die CJBF Reglement beskryf is, sowel as om aandag te gee aan al die sake wat in proses van behandeling is.

Besluit: Goedgekeur.

D. **AANVULLENDE RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 Die skandering en omskakeling na teks van die Verkorte weergawe van die Institusie deur ds A Duvenage is voltooi. Dit is nou ook beskikbaar op die CJBF-webblad en is volledig ingesluit in die gebruikers-vriendelike weergawe van die Institusie. Hierdie weergawe bevat dus nou drie volledige weergawes met ingeboude soek-funksies.

1.2 Die Rooi- en Blou Kategismusboekies is in Engels vertaal. Die boekies is elektronies op die CJBF-webblad beskikbaar. Papierkopieë word op aanvraag gedruk.

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Die Sinode benoem weer Deputate om uitvoering te gee aan die opdragte soos wat dit in die CJBF Reglement beskryf is, sowel as om aandag te gee aan al die sake wat in proses van behandeling is, in besonder die volgende:

2.1.1 Die druk en uitgee van die publikasie oor die Uiteensetting van die Dordtse Leerreëls deur ds SD de Kock.

2.1.2 Die druk en uitgee van ‘n bundel oor die Heidelbergse Kategismus – ‘n versameling referate gelewer tydens ‘n reeks konferensies om die 450-jarige bestaan van die Kategismus te gedenk.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.2 goedgekeur.